EBEN DöNGES HOëRSKOOL

PROSEDURE VIR AANSOEK OM TOELATING VIR 2021

1. U word versoek om **Afdeling A en B** van die toelatingsvorm te voltooi en dit by die skool in te handig.
2. Neem asseblief kennis van die verpligte dokumente wat by die aansoekvorm aangeheg moet wees.

   Geen aansoek sal oorweeg word sonder die nodige dokumente nie.
3. As gevolg van die toenemende getal leerders in die skool, kan ons net 'n beperkte aantal nuwe graad agt leerders in 2021 akkommodeer. Dit is daarom belangrik dat u **VOOR 17 MAART 2020** aansoek doen. U mag steeds u aansoek indien na bogenoemde datum; dit beperk egter u kans om suksesvol aansoek te doen al is u ook in die omgewing van die skool woonagtig.
4. Diegene wat in ons area bly maar beplan om by ander skole (bv. tegniese skole) aansoek te doen word sterk aangeraai om ook hier aansoek te doen om teleurstelling te voorkom.
5. Die eerste siftingsproses sal voor die einde Mei plaasvind, gevolg deur onderhoude. Ouers sal telefonies in kennis gestel word van die datum en tyd van die onderhoud. Indien u nie teen die **einde van die derde kwartaal** gekontak word vir 'n onderhoud nie, **kan u aanvaar dat u aansoek onsuksesvol was.**
6. Onvolledige aansoekvorms sal nie oorweeg word nie.

BELANGRIK

7. Hierdie skool se werksaamhede is gebaseer op die kalender van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement.
8. Toelating word gefinaliseer na 'n persoonlike onderhoud met die leerder en ten minste een van sy/haar ouers of wettige voogde.
9. Daar bestaan 'n beurssisteem gebaseer op uitstaande prestasie op akademiese, sport- of kultuurgebied. Inligting beskikbaar by die kantoor.
10. Toelating, sowel as afslag t.o.v. skoolfonds, is streng onderhewig aan die konsep van "naaste geskikte skool."

Neem kennis: Voltooide aansoekvorms moet asseblief by die sekretaresse ingehandig word.

By u aansoek, moet die volgende ingesluit word:

1. Twee afskrifte van die **ID-dokument** of geboortesertifikaat (leerder) deur polisie gesertifiseer.
2. Afskrif van **laaste rapport**
3. **Bewys van adres** (telefoon/munisipale rekening).
4. Oorplasingsvorm van vorige skool (nie van toepassing op nuwe gr.8-inskrywings vir Januarie nie)
5. Afskrif van **ouers/voogde se ID** dokumente.
6. **Betalingsadvies** van albei ouers/voogde of bewys van inkomste
7. Indien **Welsynstoelaag** ontvang, heg **bewys** aan

TOELATINGSBELEID EN KRITERIA

1. Ons skool aanvaar Christelike norme en beginsels as die grondslag van sy opvoedkundige beleid.
2. Geen aansoeker twee jaar ouer as die gemiddelde ouderdom van die leerders in die betrokke graad, sal tot die skool toegelaat word nie. Aansoekers wat vir die eerste keer aansoek toelating verlang tot die skool, moet 'n geboortesertifikaat en betroubare skolastiese rekords saam met hulle aansoek aan die skoolhoof voorlê.
3. Die skoolhoof mag die taalvaardigheid van 'n aansoeker bevraagteken voordat die aansoek vir toelating oorweeg word. Die skoolhoof se besluit is finaal.
4. Aansoekers moet behoorlike beheer oor die akademiese inhoud van sillabusse van die vorige graad hê en voldoende bemeester het. Die skoolhoof kan enige toets hiervoor voorskryf of toepas en sy beslissing oor die aansoeker se beheer oor die inhoud van die betrokke leergange, is finaal.
5. Van aansoekers word verwag om die skoolreëls en skoolgesag te eerbiedig en gedragskode te aanvaar.
6. Aansoekers mag **geen rekord hê** van **wangedrag** of **uitsetting** by ander skole nie.
7. Aansoekers mag geen rekord hê van politieke aktivisme wat skoolwerksaamhede ontwrig het nie.
8. Aansoekers moet beskik oor geskikte vervoer tussen hul tuiste en die skool, sodat skoolbedrywighede bygewoon kan word.
9. Voorkeur word gegee aan leerders uit die onmiddellike omliggende woongebiede wat tradisioneel die natuurlike bedieningsgebied van die skool is. Voorkeur word aan aansoekers gegee wie se ouers, of wettige voogde, eienaars of huurders is van eiendom binne die bedieningsgebied van die skool.
10. Leerders wat, na die oordeel van die skoolhoof en beheerliggaam, aan enige georganiseerde wegblyaksie ten opsigte van 'n skoolbedrywighede en/of ontwrigting van klasse deelneem, verbeur daarmee hulle toelatingsvoorreg en kan deur die skoolhoof verdere bywoning van die skool geweier word.
11. Ouers moet onderneem om die skoolbeleid en skoolstrewe te eerbiedig.
12. Ouers moet hul verantwoordelikheid t.o.v. skoolfonds en ander relevante heffings nakom. Indien daar in gebreke gebly word om te betaal, kan die beheerliggaam geregtelike stappe neem om die uitstaande gelde te verhaal.
13. Ouers moet die skool se tradisies, sportprogramme en inisiatiewe ondersteun.
14. Die grootte van die skool word bepaal deur die maksimum getal leerders wat die skool kan akkommodeer (insluitend getalle per grade/klasgroepe/vakke bv. in Rekenaarlokale).
15. Knelpunte, probleme of positiewe voorstelle moet onder die aandag van die skoolhoof of beheerliggaam gebring en mag onder geen omstandighede bespreek word met buitestaanders of die media nie. Positiewe voorstelle en aanbevelings is baie welkom en moet via die skoolhoof of beheerliggaam geskied.
16. Ouers aanvaar bogenoemde deur middel van die ondertekening van die aansoekvorm en moet toesien dat hul kind ook hierdie vereistes vir die volle duur van sy/haar verbintenis met die skool aanvaar.
17. Ouers onderneem om te bou aan die skool se goeie naam en beeld en om as vennoot saam te werk.

EBEN DÖNGES HOëRSKOOL AANSOEK OM TOELATING TOT:

Graad: _____ met ingang van_____ Adminnommer: _____ Pastelnommer _____

AFDELING A

LEERDER INLIGTING

Volle name (Eerste en Tweede) en van:_____
Geboortedatum: Dag_____ Maand_____ Jaar_____ Geslag: _____ Ras _____
Huidige graad:_____ Jaar: _____ Huidige skool: _____ (**heg jongste rapport aan)**
Naam en graad van broer/suster in Eben Dönges : _____

OUERS / VOOGDE (Skrap wat nie van toepassing is nie)

PRIMêRE OUER

Ouertipe (merk met x) *: Biologies / Ouer aangenome / Ouer wettige voog / Ouer : Stief / Ouer : Ander*
Indien ander, meld die tipe _____

Titel : Mnr / Mej / Mev / Prof / Dr / Ds
Naam: _____ Van : _____
Geboortedatum : _____ Geslag : Manlik / Vroulik SA Burger : Ja / Nee
Ouer / Voog ID : _____ Paspoort / Permitnommer : _____
Status : Getroud / Ongetroud / Weduwee / Wewenaar / Geskei
Ouer/voog selnommer : _____ Werknommer : _____
E-pos adres : _____ Beroep: _____
Adrestipe : Straat / Woonstel / Plaas / Plot Werkgewer: _____
Adres : _____
Ek kies bogenoemde adres as my ***domicilium citandi et executandi vir alle kennisgewings en/of prosesstukke wat hieruit mag voortspruit***

TWEEDE OUER / VOOG

Ouertipe (merk met x) *: Biologies / Ouer aangenome / Ouer wettige voog / Ouer : Stief / Ouer : Ander*
Indien ander, meld die tipe _____

Titel : Mnr / Mej / Mev / Prof / Dr / Ds
Naam: _____ Van : _____
Geboortedatum : _____ Geslag : Manlik / Vroulik SA Burger : Ja / Nee
Ouer / Voog ID : _____ Paspoort / Permitnommer : _____
Status : Getroud / Ongetroud / Weduwee / Wewenaar / Geskei
Ouer/voog selnommer : _____ Werknommer : _____
E-pos adres : _____ Beroep : _____
Adrestipe : Straat / Woonstel / Plaas / Plot Werkgewer: _____
Adres : _____
Ek kies bogenoemde adres as my ***domicilium citandi et executandi vir alle kennisgewings en/of prosesstukke wat hieruit mag voortspruit***

NAASBESTAANDE

Naam van naasbestaande (nie gade nie): _____
Adres (nie posbus nie): _____
Telefoonnommer (huis): _____ Sel: _____

FINANSIëLE VERANTWOORDELIKHEID

Wie is finansieël verantwoordelik vir die leerder? _____
Adres: _____
Kontakbesonderhede : _____
Is leerder geregisteer vir **Welsynstoelaag? Indien wel, heg bewys aan.**

ALGEMEEN

Getal kinders in gesin: _____
Die leerder is die 1e, 2e, 3e ens. kind in die gesin: _____
Onderrigtaal van leerder: _____

MEDIES

Huisdokter:_____ Telefoonnommer: _____
Mediese Fonds: JA / NEE Indien ja, Mediese Fondsnommer: _____
Enige siekte of medikasie waarvan die skool behoort te weet: _____

HUIDIGE BETROKKENHEID

Meld die sport / span / aktiwiteit waaraan tans deelneem:
Sport: _____Ander : _____
Besondere prestasie reeds behaal : bv Akademies / Sport /Kultureel **(Heg CV aan indien nodig)**
Leiersposisies: (meld datums): _____
Gaan u kind musiek as vak neem? **(JA/NEE):** _____
Indien **JA**, watter graad in musiek reeds behaal: **GRAAD: ……. JAAR …… INSTANSIE ……**
Prakties _____ Teoreties _____

BYBELONDERRIG

Het u as ouer/voog van bogenoemde leerder beswaar daarteen dat die leerder aanwesig is wanneer Bybelonderrig gegee word? (JA/NEE): _____

VERKLARING

Ek, _____ wettige ***ouer/voog** sertifiseer hiermee dat die inligting in hierdie aansoek verskaf, in alle opsigte waar is en dat ek die regmatige ***eienaar/huurder** is van die eiendom by die woonadres verskaf**. (*Skrap wat nie van toepassing is nie.)**

Handtekening: _____ Datum: _____

AFDELING B

VERKLARING EN ONDERNEMING VAN OUER / VOOG

1. BUITEMUURSE BEDRYWIGHEDE

Hiermee verleen ek toestemming dat bogenoemde leerder aan die buitemuurse bedrywighede/sport van hierdie skool mag deelneem; dat hy/sy ritte in voertuie van die skool, of van personeel, mag meemaak en vrywaar hiermee die Hoërskool Eben Dönges, asook alle onderwysers van genoemde skool, van enige aanspreeklikheid wat mag ontstaan as gevolg van enige siekte, ongeluk, beserings, verlies van lewe of eiendom, of enige ander skade wat betrekking mag hê op genoemde leerder gedurende die duur van sodanige rit. Ek gee ook my toestemming om enige mediese behandeling wat nodig mag wees, deur 'n bevoegde persoon te laat toepas en die onkoste daaraan verbonde, self te dra.

2. GEDRAGSKODE

2.1 Ek erken ontvangs van die Gedragskode en voorskrifte ten opsigte van skooldrag. Ek aanvaar die skool se gedragskode en voorskrifte en lê my daarby neer.

2.2 Ek aanvaar volle verantwoordelikheid vir die handboeke, skryfboeke en ander toerusting wat deur die skool aan my kind geleen word en sal toesien dat my kind se boeketas aan die voorgeskrewe vereistes voldoen.

2.3 Enige skade deur my kind aangerig aan skooleiendom a.g.v. nalatigheid/vandalisme, sal onmiddellik deur my vergoed word.

3. SKOOLGELD : WYSE VAN BETALING

Ek aanvaar volle verantwoordelikheid vir die stiptelike betaling van skoolgeld, soos neergelê deur die Beheerliggaam en soos van tyd tot tyd bepaal.

Skoolgeld word op 1 Januarie gehef en is op 1 Februarie betaalbaar. U kan egter by die Beheerliggaam aansoek doen om die verskuldigde bedrag in paaiemente te vereffen. Ouers wat die volle jaarlikse skoolgeld voor 31 Desember 2020 betaal, sal 'n korting van 10% ontvang.

Die skoolgeld kan, met die goedkeuring van die Beheerliggaam, in elf gelyke paaiemente vanaf anuarie tot November betaal word. Die Beheerliggaam behou die reg voor om die vergunning om onderriggeld in paaiemente te betaal, terug te trek, indien sodanige paaiemente agterstallig sou raak. **(PAAIEMENTE IS BETAALBAAR VOOR OF OP DIE EERSTE WERKSDAG VAN ELKE MAAND.)**

Indien 'n verpligting vir meer as 30 dae agterstallig is, sal die Beheerliggaam geregtelike stappe doen om hierdie skuld te vorder. Regskoste in hierdie verband, sal van die skuldenaar verhaal word. Die verpligte vereffening van die totale jaarlikse onderriggeld, tree in so 'n geval onmiddellik in werking.

Daar word sterk aanbeveel dat ouers/voogde skoolfooie elektronies of d.m.v. debietorder betaal. Die skool het ook nou kaartfasiliteite. Bankbesonderhede van die skool is beskikbaar by die finansiële kantoor.

3.2 BESONDERHEDE VAN ANDER LEERDERS OP SKOOL WAT VAN DIESELFDE PERSOON AFHANKLIK IS AS DIE LEERDER ONDER "A" HIERBO GENOEM

VOORNAME EN VAN	GRAAD

VERKLARING DEUR LEERDER T.O.V VORIGE SKOOLJAAR

Ek, ...(volle naam van leerder), verklaar dat

1. ek 'n leerder in graad …… aan …….. (naam van skool) gedurende …… (jaar) was.
2. ek my hoogste graad op 'n regmatige en eerlike wyse geslaag het.
3. die rapport wat aandui dat ek my vorige graad geslaag het, die amptelike rapport van my vorige skool is.

Ontvang en geteken op hierdie ..... dag van .....(maand)..... (jaar).

.....
HANDTEKENING VAN LEERDER

VERKLARING DEUR OUER/VOOG

Ek,.....,

die wettige ouer/voog van …… (naam van leerder),

aanvaar en onderneem om:

1. Die visie en missie van Eben Dönges Hoërskool te ondersteun.
2. Die reëls van die skool te gehoorsaam.
3. Die bogenoemde toelatingsvorm te teken.
4. Die skoolfonds te betaal.

Ek verklaar verder dat ek die volgende beleide gelees, verstaan en aanvaar het.

1. Toelatingsbeleid 2. Taalbeleid 3. Geloofsbeleid
4. Gedragskode 5. Beheerliggaamkonstitusie

Geteken: Vader /Voog ……..

Moeder ……

Te (plek) …… Datum: ……

VIR KANTOORGEBRUIK

BESLUIT RONDOM TOELATING VAN 'N LEERDER

Hiermee word verklaar dat
.....
(naam van leerder) voldoen aan die minimum ouderdomsvereistes vir toelating tot 'n openbare skool en dat sy/haar jongste eksamenrapport eg bevind is.

Sy/haar toelating tot graad ..... is goedgekeur.

Opmerkings : .....
.....
.

Handtekening van Prinsipaal : ..... Datum : .....

OF

Hiermee word verklaar dat .....
(naam van leerder) toelating tot graad ..... geweier is en wel om die volgende rede(s):

(Skrap wat nie van toepassing is nie.)

- Hy/sy voldoen nie aan die minimum ouderdomsvereistes vir toelating tot 'n openbare skool nie.
- Hy/sy het nie graad ..... geslaag nie.
- Ander rede(s): .....
  .....
  .....

Opmerkings : .....
.....

Handtekening van Prinsipaal : ..... Datum : .....

KONTROLE

	PRINSIPAAL	SEKSIE-INDELING	TOELATINGS-NOMMER	INSKRYWINGS-REGISTER	FINANSIES
DATUM					
PARAAF					